# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 9 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 27 MAART 2026



# Toeruitgawe

APRIL:

**27** TOERE BEGIN

SKOOL BEGIN **8**

**11** WESGROWLIGA: FHP(WEG)

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Maart 2026

| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| TOETSWEEK  | TOETSWEEK | TOETSWEEK<br>ATLETIEK: ASA | TOETSWEEK | TOETSWEEK<br>ATLETIEK: ASA<br>SKOOL SLU | HOKKIE TOER: George<br>ATLETIEK: ASA<br>NETBAL-TOERNOOI: FHP | NETBAL-TOER George<br>VOORTREKKERS: Doornkloof |



# April

| MA | DI | WO | DO | VRY | SAT | SON |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 30<br>ATLETIEK: ASA<br>NETBAL-TOER George<br>RUGBY TOER: George | 31<br>RUGBY TOER: George | 1<br>HOKKIE TOER: George<br>RUGBY TOER: George | 2<br>HOKKIE TOER: George<br>RUGBY TOER: George | 3<br>HOKKIE TOER: George<br>GOEIE VRYDAG | 4 | 5 |
| 6<br>FAMILIE DAG | 7 | 8<br>SKOOL BEGIN<br>HOKKIE: SVS PROEWE | 9<br>HOKKIE: SVS PROEWE<br>ATLETIEK: SA SKOLE | 10<br>ATLETIEK: SA SKOLE | 11<br>NETBAL-MANGAUNG PROEWE<br>ATLETIEK: SA SKOLE | 12 |
| 13<br>HOKKIE: SVS PROEWE<br>REDENAARS | 14<br>REDENAARS - OPPI TONG | 15<br>REDENAARS - OPPI TONG<br>JFFJ | 16<br>REDENAARS - OPPI TONG<br>OUERAAND | 17<br>REDENAARS - OPPI TONG<br>POTSPEL4 | 18<br>LANDBOUDAL<br>TROMPOPPIES 3 | 19 |

**DAGBOEK DIE DATUMS:**

**16 APRIL OUERAAND**

**20 APRIL GR7-OPEAAND**

**21 APRIL GR9-VAKKEUSEAAND**

**24-27 APRIL BERGSIGTOER**

**1 / 2 MEI SENTRAAL SPORTTOERNOOI**

**6 MEI MNR. & MEJ. JF**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

## *JF neem afskeid van 2 passievolle onderwysmense*



Me. Betsie Magnus:
43 jaar in die onderwys
& 25 jaar by JF!



Mnr. T Sethoba
6 jaar Jim Fouché se
kringbestuurder







# UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Geniet die vakansie!

# Netbal



o.15 A



o.14 A



## TOERSPANNE GEORGE

## 27 - 30 Mrt



o.17 A



o.16 A





o.19 A

**Spesiale dank aan ons anonieme borge &**

# Hokkie









## TOERSPANNE
## GEORGE
## 27 - 30 Mrt



## 1-4 April
## o.14A
## o.16 A





**Spesiale dank aan ons borge:**

the local choice PHARMACY GARDENIA

Bainsvlei Auctions

DIRSAN INCORPORATED | AUCTIONS | GAME & LIVESTOCK
www.dirsan.co.za

NUTRILAY
A Great Way to Start the Day

# Rugby





o. 14A

o. 15A

o. 16A

o. 19B

o. 19A



## TOERSPANNE GEORGE

29 Mrt - 3 April



Spesiale dank aan ons borge:

STONEY'S Wheel & Tyre

SHC CONSULTING ENGINEERS

FREE STATE APPAREL

# JF-BL nooi u uit




## Rian Marais
BL-VOORSITTER
Finansies
Grond en geboue

## Gerhard van der Merwe
BL-ONDERVOORSITTER
Grond en geboue
Bemarking:Borge/Fondse




## Hanno Du Preez
Akademie
Sport




## Alta Slabbert
BL-SEKRETARESSE
Koshuis
Kultuur






## Jaco Els
Bemarking
Dissipline
Tegnologie

## Jan Venter
Akademie
Leerderondersteuning
en -ontwikkeling







## Rudolf Dreyer
Sport
Veiligheid

## Herman van Vuuren
Dissipline




## Johannes Kriel
BL-TESOURIER
Finansies
Tegnologie




# raak betrokke

# Finansies:

## Kwytskeldings 2026:

Die skool het groot hoeveelhede kwytskeldingsvorms terug ontvang en verwerk dit so spoedig moontlik. Die uitslag van volledig voltooide aansoeke, ontvang teen die sperdatum, sal nie later as 30 April 2026 op u rekening verskyn nie.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae by skoolfonds@jf.co.za.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Hoërskool Jim Fouché is 'n skoolfondsbetalende skool.
- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy ouers gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is. Dit is daarom u as ouer se verantwoordelik ingevolge die Wet om skoolfonds te betaal.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief maandeliks u statutêre plig in dié verband na te kom en skoolfonds op datum te betaal.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za.**

## TOERE

Verskeie sporttoere vind plaas gedurende die April-vakansie.

Ons doen 'n **dringende beroep op u as ouer om die toergeld vóór aanvang van die toer ten volle te vereffen** aangesien die skool die verblyf-, toernooi- en vervoerkoste asook die etes voor aanvang van die toer betaal.

Toere kan via die Karri-toep, EFT of met 'n kaart by die skool betaal word. Dit is baie belangrik dat u die korrekte verwysing gebruik wanneer u met 'n EFT betaal – **verwysings word in die onderskeie toere se briewe uiteengesit.**

## Skoolfonds 2026:

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansies kantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer.

Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Ons doen 'n beroep op u om u staat gereeld te kontroleer en enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag te bring.

*Kontak asb. vir Christelle Swanepoel by finans@jf.co.za vir enige navrae of indien u nie maandeliks u rekening per e-pos ontvang nie.*

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

**R580**



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

**R460**



## GOLFERS: KORTMOU

**R340**



## PETTE

**R166**

## LIP BALM

**R30**





## VISOR

**R166**

## BUFF

**R80**






## STROOIHOED

**R110**

COMBO R170

## JF Band

**R60**



## BREËRANDHOED


**R230**

## JF PIN

**R80**















# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN







karri
POWERED BY NEDBANK













#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA


EN WAT JULLE OOK AL DOEN, IN WOORD OF DAAD, DOEN ALLES IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS, TERWYL JULLE GOD DIE VADER DEUR HOM DANK.
Kolossense 3:17
MA'S WAT OMGEE

DANKBAARHEID

# Waardes

## Dankbaarheidsterapie

Raak bewus van die verandering in die natuur en klimaat om jou. Alle dinge in die natuur verander konstant, so ook jy en die seisoene van jou lewe.

Omhels verandering!

God is daar in die dorheid, die nuwe begin en ook in die besige en vrugbare tye, in ál die veranderende kleure van die lewe.

Hou jou liggaam sterk met gesonde kos en oefening, want jou liggaam is die instrument waarmee jy jou Skepper verheerlik.

Eet stadig en met dankbaarheid. Geniet die aromas, teksture en smake. Drink elke oomblik van jou lewe in!

*Loof die Here, want Hy is goed, sy goedertierenheid is tot in ewigheid.*

**1 Kronieke 16:34**

God is daar in die dorheid, die nuwe begin en ook in die besige en vrugbare tye

Dankbaar

# Atletiek





Anri Rautenbach het verlede naweek deelgeneem aan die 2de Vrystaat ASA-liga en wen dogters o. 18 hoogspring met 'n hoogte van 1.75m



Baie geluk aan die volgende atlete wat deel geneem het aan die 2de liga van die ASA-Atletiekbyeenkoms.



1ste plek-
Ruan Kruger
Seuns o. 18
Hamergooi
49.74m

1ste plek-
Alexander Steenkamp
Seuns o. 16
Diskus 45.25m





1ste plek-
Neldri du Toit
Dogters o.18
Hamergooi
52.48m



#trots

# TROMPOPPIES KOMPETISIE-UITSLAE

Ons Trompoppies het die afgelope naweek aan hul eerste kompetisie deelgeneem en pragtig presteer! Ons is ongelooflik trots op elke deelnemer se harde werk, toewyding en spangees.

Uitslae:

Senior Vlag Groep – Derde plek
Senior Performance Cheer – Eerste plek
Senior Pom Solo – Eerste plek



**Andoné Booysen & Marissa Els** –
Silwer in Senior Vlag Duo

**Kayleigh Liddle** –
Goud in Senior Baton Solo
Goud in Senior Mace Solo

**Helen Petit** –
Derde plek in Senior Pom Solo

**Nicole van der Merwe** –
Eerste plek in Senior Vlag Solo

# Skaak













**Fichardtpark sportdag**

**1ste span eindig 3de**

**B span eindig 5de**

**C span eindig 2de**







BUITESPORT
KARATE

# *Elvin Pienaar & Jeandré Nel*

Elvin en Jeandré het op 14 Maart 2026 aan die *Goju Kai* Vrystaat-Karatekampioenskappe deelgeneem.



**Elvin** het in die kadette-afdeling (14–15 jaar) meegeding en 'n bronsmedalje in *Kata* asook silwer medaljes in *Kumite* en *Jiyu Kumite* verower.

**Jeandré** het in die junior mansafdeling (16–17 jaar) deelgeneem. Hy behaal 'n silwer medalje in *Bunkai* asook bronsmedaljes in *Kumite* en *Jiyu Kumite*.

Verder is hy ook vir die Vrystaatspan, wat aan 'n streekskompetisie gaan deelneem, gekies.

BUITESPORT
TWEEKAMP

# *Franzelle Barnard*

Franzelle het op 21 Maart 2026 aan die SA Tweekamp-kampioenskappe deelgeneem.



Sy behaal 'n 25ste plek uit 52 deelnemers in die o. 17-meisiesafdeling.

# AJ Theron

AJ Theron het op 9 Maart 2026 by St. Michael's aan die *Free State Laser Run League 3* deelgeneem.

Hy behaal 'n 1ste plek in die seuns o. 19-afdeling.

Met hierdie prestasie het hy ook 'n kwalifiserende tyd vir die SAMPA-wêreldkampioenskapspan behaal.



**BUITESPORT**

LASER RUN

# Chy-Anne Muller

SANESA
PERDRY

**BUITESPORT**

Chy-Anne het op 14 en 15 Maart aan die *SANESA Qualifier 1* by die *Kimberley Equestrian Centre* deelgeneem.



<u>Sy behaal die volgende plekke:</u>

2de - Dressage Novice Test 1
Dressage Novice Test 2

1ste - Dressage Freestyle Novice
Equitation Test 4
Show Riding Level 5


WES grow
REEKS
2026
Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
FICHARDTPARK
GLO WERK DIEN
GOUDVELD - HOËRSKOOL
WELKOM
STREEF WERK OORWIN
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
B V H S
WERK EN WEN
PERSEQUOR
TRIO
8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP
20 MAART
SENT VS GV
21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO
11 APRIL
FHP VS JF
18 APRIL
FHP VS SENT
GV VS TRIO
25 APRIL
WITT VS GV
1 MEI
TRIO VS BVHS
1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO
PROGRAM
23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT
25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT
1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS




WES grow

# REEKS 2026

Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet

vkb · WES grow EST. 1964 · novus media community news

skilltracer · UFS

8 Skole. 1 Reeks. *1 Kampioen.*


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
WES grow
EST.1964
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
VS
PERSEQUOR
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
HOËRSKOOL WITTEBERG
20 & 21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
UFS
SUPERSPORT
SCHOOLS
novus
media community news
skilltracer
vkb
KONICA MINOLTA

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## UITSLAE : RUGBY

| Hoërskool Jim Fouché | | Hoërskool Witteberg |
|---|---|---|
| 24 | 1STE SPAN | 19 |
| 17 | o. 14A | 33 |
| 0 | o. 14B | 52 |
| 23 | o. 15A | 25 |
| 24 | o. 15B | 14 |
| 0 | o. 16A | 56 |
| 0 | o. 16B | 50 |
| 19 | o. 19C | 22 |
| 29 | o. 19B | 24 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART – HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## UITSLAE : NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 39 | 1STE SPAN | 26 |
| 23 | o. 14A | 17 |
| 18 | o. 14B | 11 |
| 19 | o. 14C | 14 |
| 20 | o. 14D | 5 |
| 16 | o. 15A | 14 |
| 23 | o. 15B | 11 |
| 16 | o. 15C | 4 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

**21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ**

WES grow EST. 1964

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## UITSLAE : NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 23 | o. 15D | 1 |
| 28 | o. 16A | 18 |
| 13 | o. 16B | 16 |
| 16 | o. 17A | 14 |
| 21 | o. 19B | 21 |
| 30 | o. 19C | 7 |
| 32 | o. 19D | 8 |
| 10 | o. 19E | 7 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VS

HOËRSKOOL WITTEBERG

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD




**NETBAL**
**MIQNIA COETZEE**

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## UITSLAE : HOKKIE SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 4 | 1STE SPAN | 0 |
| 9 | o. 14A | 1 |
| 7 | o. 16A | 0 |
| 7 | o. 16B | 0 |
| 9 | o. 18B | 1 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VS

HOËRSKOOL WITTEBERG

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD



**HOKKIE**

**RUAN KLEYN**

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

21 MAART - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL WITTEBERG

## UITSLAE : HOKKIE DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 3 | 1STE SPAN | 1 |
| 0 | o. 14A | 3 |
| 3 | o. 14B | 0 |
| 1 | o. 16A | 3 |
| 2 | o. 16B | 5 |
| 3 | o. 18B | 1 |
| 1 | o. 18C | 0 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

WES grow EST.1964

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

VS

HOËRSKOOL WITTEBERG

PERSEQUOR

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD




**HOKKIE**
**MINKE LABUSCHAGNE**

skilltracer vkb UFS novus media community news



Ons speel om te *wen*

Nie vir die *glorie* nie,

maar vir die *trots*

van my skool.

*Jim Fouché*

Met oorgawe, maar gedissiplineerd.

Vir die *kameraadskap*

wat deur elke oefening en elke punt

*opgebou* word.

Om elke wedstryd, hoe onbelangrik ook al,

die *beste* geleentheid te maak.

Met ons oë gerig op die *wenstreep*,

ons *harte*,

gerig op *God*.

Michelle le Roux Hokkie kaptein 2000

# SWEMGALA EN INTERHOER



Met water wat spat en gees wat praat, het Hoërskool Jim Fouché n fees gehad by ons jaarlikse swemgala en interhoër!

**Swemgala:**

Pienk, geel, groen, blou en rooi – dit was die kleure van dié jaar se grade. Die swemmers moes met vlerkies om hul enkels swem, en dít is waar die uitdagende oomblikke begin het. Van een punt na die ander, het die leerders vir hul span geskree en gewag vir hulle oomblik om in die water te gaan.

Maar dit was nie waar die pret gestop het nie. Daar, om die swemmers te ondersteun, was groot groepe op die pawiljoen wat hulle longe uit geskree het. Uiteindelik was die wenners … die MATRIEKS! (Ja, ouderdomsvoordeel én gewigsvoordeel tel tog vir iets!)

Elke begin het n einde, maar geen JF-leerder kon huis toe gaan sonder om 'n sprong of twee in die swembad te maak nie.

**Interhoër:**

"Welcome to the jungle; we've got fun and games." Vanjaar se tema by die interhoër was Jumanji. Die gees was tasbaar, die stemme luid, en daarmee saam, skole wie se harte warm vir hul eie klop.




Skrywer:
-Paula Swart

Verbeel jou jy staan daar op die pawiljoen saam met jou vriende, jou stem is amper weg. Jy sweet, jy lag, jy sing. Jou hart klop en jy kyk rondom jou en jy sien net al die JF-leerders wat elke oomblik geniet. Hierdie samehorigheid is waar die regte wen inkom. Wen of verloor, niks kan vergelyk met die gevoel om soos een saam met jou skool te sing nie. Of dit nou jou eerste keer daar was, of jou laaste keer, hierdie dag sal 'n herinnering bly wat altyd gekoester sal word.

Elke lag, skreeu, sweet, en seer voete was die moeite werd, want hoewel JF nie die gala of die geesbeker huis toe gebring het nie, is dit nie 'n wen wat JF 'n trotse skool maak nie; dit is oomblikke soos dié waar daar geen bekommernis is oor wat volgende gaan gebeur nie; net dié oomblik tel.

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op

# DAAR IS ALTYD LIG IN DIE DONKER!



**Skrywer:**
**-Corlé Roos**

As jy teen dié tyd van die kwartaal nog steeds wonder waar jy hoort, is daar daar ten minste één plek wat jou met ope arms sal verwelkom: JFFJ se nuwe LITT-kleingroepies. "LITT" staan vir Light in the Tunnel. Hierdie groepe kom elke Woensdagaand om 18:00 by die Multisentrum bymekaar, en dit is hier om te bly!

Tydens die Januarie-kamp het die leiers besef dat dit wat JF se leerders wil hê, opregte Christelike verhoudings is waar jy oor 'n koppie koffie (wat ook op Woensdagaande beskikbaar is!) net partykeer 'n bietjie dieper kan gesels. Ons het geluister, en dis dan hoe die LITT-groepe gebore is.

Tans is daar 19 groepies wat uit 10-12 tieners per groep bestaan. Weeklikse temas wat behandel word, is bv. God as vader en jou identiteit in God. Dan word daar binne die veilige omgewing van jou groep verskillende perspektiewe gedeel en vrae gevra, wat jou deur hierdie temas begelei.

Indien jy 'n introvert is en jy al jou moed bymekaar moet skraap net om iemand te groet, is dit dalk moeilik vir jou om alleen na JFFJ toe te kom. Maar gelukkig is daar 43 leiers tydens JFFJ beskikbaar wat jou graag daar wil hê en lekker met jou sal kan gesels. Kom knoop 'n geselsie aan en ons sal jou beslis help om jou plekkie te vind.

Dalk is jou nuwejaarsvoornemens om te oefen teen dié tyd al daarmee heen, en daardie 5 ure se studierooster wat jy aan die begin van Januarie opgestel het, al lankal in die asblik gegooi. Maar miskien is dit wat jy soek nie in handboeke en op die sportveld te vinde nie. Miskien word dit in jou hart wakker op 'n gewone Woensdagaad om ses, tussen mense wat jy nooit eers verwag het om mee te gesels nie.



Oester

Die storie



# Witteberg inter



https:..www.jfoester.co.za. <<<

# Oester F

die storie die stories

Volg ons op




# Witteberg inter

https:..www.jfoester.co.za. «

# JF-OPE-AAND




## Gr. 7 Ouerinligtingsaand

Dagboek die datum

# 20 APRIL 2026

JF-SKOOLSAAL 18:00


www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN


**SIEN JOU DAAR!**

BRING JOU OUERS SAAM!

Hoërskool
Jim Fouché

# WIL JY ADVERTEER BY JF?












## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

MERICKE ERASMUS
BEMARKING@JF.CO.ZA
063 202 6387